HOËRSKOOL OOS-MOOT

# KLEREDRAGBELEID VIR INFORMELE DAE (SLENTERDRAG)

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| 1. | TITEL VAN BELEID | 3 |
| 2. | INWERKINGTREDINGSDATUM | 3 |
| 3. | DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING | 3 |
| 4. | HERSIENINGSGESKIEDENIS | 3 |
| 5. | INLEIDING | 3 |
| 6. | SLENTERDRAG | 3 |
| 7. | GOEDKEURING | 5 |


**WYSIGINGSGESKIEDENIS**

| **Aard van wysiging** | **Datum goedgekeur** |
|---|---|
| Eerste goedkeuring | |
| Hersiening (roetine) | 14 September 2024 |
| Hersiening (roetine) | 15 Oktober 2024 |
| Hersiening (roetine) | 19 Mei 2025 |

## 1. TITEL VAN BELEID

Die titel van hierdie dokument is *Kleredragbeleid vir informele dae (Slenterdrag) van Hoërskool Oos-Moo*t.

## 2. INWERKINGTREDINGSDATUM

Die implementering van hierdie beleid sal effektief wees met die goedkeuring van die skool se beheerliggaam.

## 3. DATUM VAN VOLGENDE HERSIENING

Hierdie beleid sal elke drie jaar hersien word of vroeër wanneer daar 'n verandering in relevante wetgewende raamwerk of operasionele vereistes is.

## 4. HERSIENINGSGESKIEDENIS

Sien wysigingsgeskiedenis

## 5. INLEIDING

Die kleredragbeleid vir informele dae is ‘n duidelike riglyn vir die leerders sodat hulle sal weet watter slenterdrag toegelaat sal word op informele dae.

Die doel van die nuwe beleid is om leerders 'n geleentheid te bied om selfuitdrukking te toon in hul kledingkeuses, terwyl ons steeds 'n gepaste en respekvolle skoolomgewing handhaaf. Hierdie beleid is ook ontwikkel met die doel om 'n gevoel van trots onder leerders te bevorder.

Volgens die beleid sal leerders toegelaat word om slenterdrag te dra op spesifieke dae wat aangedui sal word deur die skool se bestuur. Hierdie dae sal met duidelike kommunikasie aan leerders, ouers en opvoeders deurgegee word. Dit is belangrik dat leerders verstaan dat slenterdrag net toegelaat sal word op die aangeduide dae en dat die normale skooldrag gedra moet word op ander dae.

Om 'n veilige en gesonde skoolomgewing te verseker, sal daar sekere riglyne en beperkings wees ten opsigte van die slenterdrag. Dit het ten doel dat die kledingstukke nie aanstootlik, vulgêr of ongepas mag wees nie. Leerders sal nog steeds verplig wees om die skool se gedragskode te volg en gepaste gedrag in die skoolomgewing te handhaaf, selfs wanneer hulle slenterdrag dra.

Ons glo dat die nuwe slenterdragbeleid 'n positiewe impak op ons skoolleerders sal hê deur hulle 'n gevoel van selfuitdrukking en individualiteit te gee. Dit sal ook die skoolgemeenskap versterk deur die bevordering van trots en samewerking. Ons verwag dat leerders die geleentheid sal waardeer om slenterdrag te dra binne die riglyne van die beleid en dat dit 'n bydrae sal maak tot 'n dinamiese en inklusiewe skoolomgewing.

## 6. SLENTERDRAG

Die volgende riglyne ten opsigte van slenterdrag word hieronder uiteengesit:

- Geen ontblotende hempies of rokkies nie (spaghetti-bandjies verbode).
- Die maag moet ten alle tye bedek wees ("boob tubes" en "crop tops" verbode).
- Maag moet toe wees - mag nie uitsteek nie.
- Rompies en kortbroeke mag nie korter as die voorgeskrewe lengte van skoolrompe of skoolbroeke wees nie.
- Onderklere mag nie sigbaar wees nie.
- Geen deurskynende klere nie. Geen gaastoppies nie.
- Geen slaapklere of *ONESIES* nie.
- Simbole/ prente op klere mag nie enige van die volgende uitbeeld nie: geweld, alkohol, wapens, tabak, dwelms, naaktheid, vloektaal of godslastering.
- Geen politieke slagspreuke of simbole nie.
- Geen pette of donkerbrille in die klas nie.
- Tatoeëermerke mag steeds nie sigbaar wees nie.
- Ligte grimering mag gedra word.
- Oorbelle, hangertjies en armbande mag gedra word.
- Hare mag los gedra word.
- Naels mag naellak op hê.

Indien 'n leerder nie die kleredragreëls vir informele dae gehoorsaam nie, moet sy/haar ouers hom/haar huis toe neem om ander klere aan te trek.

## 7. GOEDKEURING

Hierdie beleid is aanvaar en goedgekeur by ‘n beheerliggaamvergadering van die Hoërskool Oos-Moot.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Aanbeveel deur: (Skoolhoof) (drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum:** | | | |
| **Aanbeveel deur: (SBL-voorsitter) (drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum:** | | | |
| **Goedgekeur deur GDE: Departementshoof (drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum van verifikasie** | | | |
| **Gesertifiseer deur:(Drukskrif)** | | **Handtekening** | |
| **Datum** | | | |